

'n Blik op Prince Alfred Hamlet (by Ceres) van Gyddopas af gesien. Die Witzenberg-omgewing bestaan uit Ceres, die Koue Bokkeveld, Wolseley, Tulbagh, Breërivier-Noord en die Ceres-Karoo. Die gemeenskap wil binne 10 jaar tot 15 jaar meer as 4 000 ha se besproeiingsgrond met vrugtebome aan swart begunstigdes oordra.

Vrugteboere wys hoe met grondhervorming

Vrugteboere van Ceres het met 'n grondhervormingsplan vorendag gekom wat deur mnre. Senzeni Zokwana, Gwede Mantashe én Gugile Nkwinti as "briljant" en "die beste" bestempel is. Die plan is plooibaar vir enige soort boerdery of gebied. Mnr. Gerrit van Vuuren, die prokureur wat die plan opgestel het, het eksklusief vir Landbouweekblad verduidelik hoe dit werk.

Opstokers het in 2012 vrugtekratte op Ceres aan die brand gestee en 'n skrikbewind op plase en in strate gevoer. Terwyl dit gebeur het, was 'n plaaslike prokureur reeds besig om 'n grondhervormingsplan uit te dink waarby die kommersiële landbou, begunstigdes, die Regering én die dorp se gemeenskap kan baat vind.

Mnr. Gerrit van Vuuren, 'n direkteur van Joubert van Vuuren Ing. Prokureurs

op Ceres, het op 19 Augustus verlede jaar sy plan, wat hy die PALS-raamwerk noem, voorgelê. Dit staan vir Partnerships in Agri Land Solutions, oftewel vennootskappe in oplossings vir landbougrond. Daarna het boere, die Witzenberg-munisipaliteit en die gemeenskap hande gevat het en die Witzenberg-vennootskap gevorm.

Nou word meer as 50 bemagtigingsprojekte op 4 200 ha se vrugteboorde en groentegrond beoog. Twee loodsprojekte is reeds drie jaar gelede van stapel gestuur. Die totale belegging in die landbou beloop

LIGGING

Ceres, Wes-Kaap



KORTOM

- Ceres-boere het 'n grondplan gemaak wat veral in waardevolle besproeiingsgebiede suksesvol is, maar net so maklik vir ander gebiede aangepas kan word.
- Die Nasionale Ontwikkelingsplan stel 'n hervormingssteiken van 20%, maar die Witzenberg-vennootskap mik daarna om 25% van hul vrugteboorde aan hul werkers oor te dra.
- Boere en begunstigdes boer saam tot die projek winsgewend is en dan kan begunstigdes meer aandele koop.

ongeveer R4 miljard tot 5 miljard. Die projekte word boonop ondersteun deur bemagtigingsplanne vir die landbouwaardeketting en sosio-ekonomiese opheffingsprojekte vir die gemeenskap (soos opleidingsfasiliteite, behuisingsprojekte en jeugprogramme).

Mnr. Gugile Nkwinti, die Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, mnre. Gwede Mantashe, die ANC se sekretaris-generaal, mnre. Senzeni Zokwana, die Minister van Landbou, Bosbou en Visserie, en me. Pamela Tshwete, Adjunkminister van Waterwese, het Ceres vroeg

'N PAAR MENINGS WAT DINK HULLE VAN DIE PALS?

Robert Graaff, besturende direkteur van Graaff Fruit en nasionale jongboer van die jaar 2007:

"Ons het baie lesse geleer uit die Departement van Grondsake se skema vir die herverdeling van grond vir landbou-ontwikkeling (LRAD) en sy grondverkrygingsprogram (PLAS). Daar was gemengde resultate in die Witzenberg-omgewing gesien. Ons kon uit albei leer en dit nou toepas. Dié agtergrond is juis die oorsprong van die plan.

"Ons wil graag hê dat swart, kommersiële boere met die samewerking van wit, kommersiële boere sukses behaal en uiteindelik onafhanklik kan boer, maar steeds saamstaan. Daar is steeds plek vir aandelekemas, maar anders as die LRAD-model, wat 'n "rent a crowd"-model bevorder, moet deelname eerder gebaseer word op 'n begunstigde se jare in diens en sy posisie in die besigheid.

"Ons sien almal uit daarna dat rykdom meer gelyk word in Suid-Afrika. Ons probeer 'n voorbeeld stel en plaas die klem op ons gemeenskap en ons omgewing, en uiteraard word ons hele gemeenskap bevoordeel.

"Die grootste uitdaging is om die regte mense te identifiseer, te mentor, op te lei en die nodige selfvertroue te kweek. Die Regering sal ons moet help met die fasilitering (waterregte, verdeling van titelaktes, finansiële steun deur subsidies en goedkoper lenings). Dis duur om te ontwikkel, maar dit bevorder die werkskepping wat Suid-Afrika dringend nodig het."

Ismail Motala, voorsitter van Afasa Wes-Kaap:

"Ons glo die plan is 'n konstruktiewe stap om die landboubedryf in die Witzenberg te transformeer. Die hele landbou-ekonomie is tans nog in die hande van wit mense en daarom hoop ons die plan sal



swart mense by die landbou-ekonomie insluit. En nie net in die primêre landbou nie, maar ook in die waardeketting.

"Ons glo meer mense sal werk kry en die werkerstruuts sal 'n bydrae kan lewer tot opvoeding, gesondheid en maatskaplike ontwikkeling. Op lang termyn sal dit die gaping tussen ultraryk en arm kan verklein.

"Ons moet seker maak al die vennote in die plan is eerlik en het nie verskuilde agendas nie. Ons moet almal oor dieselfde doel saamstem, en dis om die landbou-ekonomie van die Witzenberg te transformeer. Ons glo die waarde van die 70% van die aandele wat aan wittes behoort, moet bepaal word as die vennootskap gesluit word, en nie teen 'n toekomstige kommersiële waarde verkoop word nie. Die voorgestelde projekte moet minstens 50 ha besproeiende, winsgewende produksiegrond insluit. Dit moet ook nie op leë grond gebeur waarop daar geen produksie is nie, want dan word swart boere nie bemagtig nie.

"Die swart boere moet ook nie deur wit boere gebruik word om gunste en water van die Regering te kry nie."

Rossouw Cillie, besturende direkteur van Laastedrif Boerdery en nasionale boer van die jaar 2013:

"Suid-Afrika en sy landbougrond is net só groot, daar is ook net soveel water en ons moet maniere kry om dit beter te laat werk. Hier is grond en water in ons omgewing. Die regeringsdepartemente moet net toestemming gee dat ons die ekstra water kan gebruik, dan kan die nuwe ontwikkeling plaasvind. Baie van die bestaande infrastruktuur (soos paksure), die kundigheid van kommersiële boere en die bereidwilligheid is ook hier, maar dit gaan van die departemente se deelname en ondersteuning afhang (vir waterpermitte, die onderverdeling van grond, ens.).

"Ons wil die koek nie net verdeel nie, maar ons wil dit vergroot. Die doel is om swart boere onafhanklik staan te maak en toe te sien dat die plaaswerkers (die groepskemas) voordeel trek deur opheffingsprojekte. Hierdie projek is 'n groot geleentheid om werk te skep."

David Nasson, munisipale bestuurder:

"Die landbou is die grootste werkskepper



in ons omgewing en ons is baie afhanklik daarvan. Die landbou het self met die plan vorendag gekom en ons voel dit is 'n manier om rykdom te verdeel en 'n kans om volhoubare werkgeleenthede in die omgewing te skep.

"Die grootste uitdaging is dat die mense mekaar moet vertrou. Die PALS-raamwerk (partnerships in agri-land solutions, oftewel vennootskappe in oplossings vir landbougrond) plaas baie klem op die misluktings van die verlede. As ons egter almal om 'n tafel kan sit en mekaar kan vertrou, glo ek ons sal op 'n punt kom waar ons mekaar kan vertrou."

Pieter du Toit, besturende direkteur van die Dutoit Groep:

"Die raamwerk is op sterk fundamente gebou. Komersiële boere aanvaar die uitdaging om 'n ankerrol te speel met grondhervorming. Ons het ook die steun van belangrike rolspelers, soos die gemeenskap, die Regering, landbouleiers, banke en opkomende boere. Ons wil graag hê dat suksesvolle, swart, kommersiële boere oor tien jaar langs ons boer. In die proses om daar te kom, stimuleer ons die plaaslike ekonomie en maak ons terselfdertyd ons gevestigde besighede sterker.

"Om hierdie tipe projek suksesvol te maak, verg passie, ondersteuning en deurstellingsvermoë. Die keuse van 'n swart vennoort gaan op lang termyn deurslaggewend wees. Ons kort mense met 'n liefde vir die landbou, die nodige geduld om die langtermyn-aard van die landbou te verwerk en wat bereid is om hard te werk.

"Komersiële boere het onderneem om die projek sonder staatsubsidies van stapel te stuur, maar die omvang van die projekte is só groot dat die banke en die staat sal moet help met finansiering.

"Gewoonlik is daar partye wat die goeie bedoelings van inisiatiewe soos hierdie probeer verongeluk vir eie gewin. Ons is daarop bedag en sal so deursigtig moontlik te werk gaan om dit te verhoed."



◀ in Januarie besoek om na die loods- en beplande projekte te kyk.

“Min. Nkwinti het die raamwerk as briljant beskryf en mnr. Mantashe het gesê hy gaan mense daarvan vertel sodat hulle kan kom kyk na hoe grondhervorming aangepak moet word,” vertel Gerrit. Hy glo die plan kan in enige landboustreek en op enige tipe boerdery van toepassing gemaak word.

Gwede en kie se glimlagte is nie verniet nie. Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) stel ’n hervormingsteiken van 20%, maar die Witzenberg-vennootskap beplan nou al om 25% van die bykans 16 700 ha vrugtebome aan begunstigdes oor te dra.

Die Witzenberg bestaan uit Ceres, die Koue Bokkeveld, Wolseley, Tulbagh, Breërivier-Noord en die Ceres-Karoo. Dié wêreld produseer byna ’n derde van Suid-Afrika se appels en pere (veral vir die uitvoermark) en meer as die helfte van die land se nektariens. Die gebied se jaarlikse bruto produksiewaarde trek by ver oor R2 miljard en verdien sowat R1,5 miljard aan buitelandse verdienste.

Groenteproduksie is net so belangrik in die streek en bykans 22% van Suid-Afrika se uie word daar geproduseer.

“Ons was sedert die 1990’s by grondhervorming betrokke en het ’n intensiewe studie daarvan gemaak, want dit was belangrik vir ons kliënte,” vertel Gerrit uit sy kantoor in Ceres se hoofstraat. “Die laaste klompie jare was daar baie kritiek oor grondhervorming, maar ek het nooit gehoor iemand stel ’n alternatief voor nie.”

Eers was dit die LRAD-program (’n skema vir die herverdeling van grond vir landbou-ontwikkeling) wat na sy mening bloot syfers, pleks van sukses, nagejaag het. Daarna het die PLAS-grondverkrigingsprogram verskyn, maar Gerrit het gemeen private eienaarskap is veral in die vrugtebedryf belangrik sodat sekuriteit beskikbaar is om finansiering vir uitbreiding te kry.

Hy het toe begin skaaf aan sy plan, wat hy “half moedswillig” PALS (’n inspelings op PLAS) genoem het. Dit staan vir Partnerships in Agri Land Solutions. Hy het dit reeds in 2009 aan die Regering voorgelê en toe saam met sy kliënte loodsprojekte begin.

Dit is wyd aanvaar en prof. Nick Vink, ’n Stellenbosse landbou-ekonoom, het dit in ’n verslag bevestig as synde in ooreenstemming met die beginsels van die NOP. Dit is met die Regering bespreek, wat uiters gunstig daarop gereageer het.

“Ons sê ook nie ons het al die antwoorde nie, maar ons het ’n produk ontwikkel wat ons glo as bloudruk kan dien vir die vrugte- en besproeiingsbedryf oor Suid-Afrika heen.”

Twee van sy kliënte, mnre. Thinus Oosthuizen van Donkerbos-landgoed en Wilhelm



Mnre. Senzeni Zokwana, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, David Nasson, munisipale bestuurder in die Witzenberg, Gwede Mantashe, die ANC se sekretaris-generaal, Gugile Nkwinti, Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, en Monwabise Mepulza op Kromfontein in die Koue-Bokkeveld tydens die afvaardiging se besoek aan die Witzenberg-vallei. FOTO:PIETER DU TOIT

van Wyk van Lakenvlei-boerdery, het ingestem om dit te implementeer, want hulle wou deel wees van die oplossing en glo “dis die regte ding om te doen”.

“Ons het stilgebly en dit onder die radar geïmplementeer, getoets en gesien dit werk. Ons het met mense gepraat en die gemeenskap betrokke gekry. Nou het ons steun van die laagste tot by die hoogste vlakke in Suid-Afrika.”

HOE WERK DIT?

Die Witzenberg-vennootskap is ’n streeksinisiatief wat die unieke kenmerke van die betrokke omgewing in ag neem. Die vennote implementeer die PALS-raamwerk (wat in ooreenstemming is met die NOP en die munisipaliteit se geïntegreerde ontwikkelingsplan).

Gerrit spring op en teken ’n eenvoudige diagram op die witbord in sy raadsaal om te verduidelik hoe boere en begunstigdes “pelle kan raak” deur PALS (sien die **DIAGRAM**).

Eers word ’n volhoubare boerdery-eenheid geïdentifiseer. Vir dié omgewing moet dit minstens 50 ha wees.

“Dit kan een plaas, verskeie plase of deel van ’n groter plaas wees. Die plaas word dan in die naam van ’n nuwe maatskappy geregistreer (Nuwe Plaas Edms. Bpk.). Die maatskappy besit en ontwikkel die plaas,” sê Gerrit. Hy glo in die maatskappy as besigheidsvorm, want dit stel aandeelhouers in staat om eienaarskap te verkoop.

Die aandeelhouers in die nuwe projek is kommersiële boere (70%) en swart begunstigdes (30%), met ’n werkerstrust wat ’n persentasie van die wins kry.

“Ons sê ook nie ons het al die antwoorde nie, maar ons het ’n produk ontwikkel wat ons glo as bloudruk kan dien vir die vrugte- en besproeiingsbedryf oor Suid-Afrika heen.”

Komersiële boere se betrokkenheid verhoog die projekte se kans op sukses, want hulle het bewese kundigheid en toegang tot markte.


“Komersiële boere skenk 30% aandele in ’n projek aan begunstigdes. Dis belangrik dat dit 30% moet wees, want 25% plus een gee aan die begunstigdes ’n veto-reg oor alle belangrike besluite. Dit is ’n belangrike eerste stap na werklike bemagtiging.”

Hy glo daar kan enigiets van een tot tien mense in dié maatskappy wees, maar nie meer as tien nie. Die begunstigdes word gevrywaar van skuld solank hulle minderheidsaandeelhouers in die nuwe maatskappy is.

Die swart begunstigdes kan enigiemand wees wat in die landbou belang stel; nie noodwendig plaaswerkers nie. Enigiemand kan dus aansoek doen, maar hy sal deur ’n keuringsproses moet gaan. Verteenwoordigers van die munisipaliteit, grondsake, die African Farmers’ Association of South Africa (Afasa) en die kommersiële boer gaan op die keuringskomitee dien.

Die Regering kan ’n bemagtigende vennoot wees deur onder meer toe te laat dat surpluswater aan projekte toegeken word en sodoende waarde toevoeg in die vorm van waterpermitte en beter finansieringsmodelle. Die waarde daarvan kan bereken word en gebruik word om nóg aandele te verkry. Dit stel kommersiële boere dus in staat om grond wat voorheen nie besproei kon word nie, te ontwikkel om die projekte daarop staan te maak. Gerrit beraam 4 000 ha ekstra besproeiingsgrond kan sowat 12 000 nuwe werkgeleenthede in die Witzenberg skep.

Die kommersiële vennoot besit aanvanklik



70% van die aandele. Dit kan ’n enkele, groot boer wees, of ’n paar boere wat saamwerk. Die begunstigdes het van die heel eerste dag af die opsie om die meerderheid aandele te koop. Dit is een van die groot verskille ten opsigte van vorige grondhervormingsmodelle. Die begunstigdes kan die opsie dan uitoefen sodra die projek as suksesvol beskou kan word. Gerrit sê met ’n nuwe vrugteprojek behoort dit sowat vyf jaar tot tien jaar te kos voor die kommersiële boere se aandeelhouing tot minder as 50% sal krimp.

Altesaam 5% van die nuwe projek se wins word aan ’n unieke Werkerstrust oorbetal en aan gemeenskapsprojekte van hul keuse gee.

’n Vierde been is die Witzenberg-sentrum, ’n alles in een-sentrum waar die beplanning, finansiering, koördinering en fasilitering van projekte gedoen kan word. Mentorskapsfunksies en toegang tot finansiering en die waardeketting sal ook by die sentrum beskikbaar wees. Tans is die Witzenberg-sentrum deel van Gerrit se kantoor, maar dit gaan binnekort na ’n afsonderlike gebou skuif.

Die PALS-projekte word geïmplementeer op bestaande en nuwe plase waar oortollige winterwater gebruik kan word om besproeiingskemas uit te brei. Gerrit verduidelik hulle

gaan hul toespits op bestaande LRAD-projekte wat “aandag nodig het”, nuwe projekte wat reeds die nodige hulpbronne het, nuwe projekte waar dit nodig is om verdere hulpbronne beskikbaar te stel en bestaande boerdery wat uitgebrei kan word. Hulle kyk ook na projekte in die waardeketting en projekte wat kan help om sosio-ekonomiese omstandighede te verbeter deur behuising, skole en pensioenfondse.

EN DIE REGERING?

Gerrit sê hoewel boere bereid is en dit heeltemal moontlik is om die projekte sonder regeringsubsidies aan te pak, is die Regering steeds ’n belangrike strategiese vennoot wat die nuwe projekte op verskeie maniere kan help en ondersteun. En noudat Ceres se boere vroeër vandeemaand aan die regeringsluis gewys het wat in hulle steek, was die amptenare heel inskiklik om na die projekte te kyk.

Die Regering kan byvoorbeeld help om opbergingsgeriewe beskikbaar te stel sodat surpluswater wat nie toegeken is nie, opgeberg kan word. Hy kan ook hand bisis om die onderverdeling van landbougrond te versnel sodat nuwe projekte tot stand gebring kan word. En dan is daar die kwessie van goedkoper finansieringsmodelle.


“Waar dit nodig is om eienaarskap van



BO: Mnr. Gerrit van Vuuren het die PALS-raamwerk (vennootskappe in oplossings vir landbougrond) ontwerp. Regeringsluis beskou dit as ’n “uitstekende” grondplan.

GAANKYK!

Vir ’n video oor die Witzenberg-vennootskap en die PALS-raamwerk, besoek gerus www.landbou.com/videos.



die boerdery-eenheid oor te dra, of waar dit deel uitmaak van ’n groter plaas, sal ons goedkeuring vir onderverdeling nodig hê. As die Regering daarmee, met waterpermitte of finansiering moet help, sal die waarde wat tot die projek toegevoeg word, bereken word. Dit kan dan deur die begunstigdes gebruik word om as kollateraal te gebruik.

“Die Regering kan ook die swart begunstigdes help om meer aandele te koop wanneer die projekte winsgewend raak en hulle kan mense na die Witzenberg-sentrum stuur om te help met water- en onderverdelingsaansoeke,” sê Gerrit.

“Ons het twee maniere geïdentifiseer hoe die staat die deelnemende vennote se bydraes kan erken, soos voorgestel in die NOP. Dit is deur huidige eiendomsreg vir grond en water te verseker en om aan hulle vlak 4 SEB-status te gee.”

Met dié plan, sê Gerrit, vind daar verdeling plaas, maar terselfdertyd word die koek groter.

“Suid-Afrika is desperaat op soek na ’n oplossing. Die plan bied boere die kans om ’n projek wat hom persoonlik pas, op die been te bring, maar ons koördineer dit saam om landwyd ’n impak te maak.” **LBW**

NAVRAE: Mnr. Gerrit van Vuuren, tel. **023 212**